Die Vreemde Kêrel

Laat ons net 'n oomblik bly staan. Dierbare Here, ons kom weer na U Goddelike teenwoordigheid by wyse van gebed, eerstens, om dank te betuig vir alles wat U vir ons gedoen het, en vir die groot liefde in ons hart vir U en U Woord. Here, hierdie mense, vanaand, wat ek met my hele hart liefhet, hulle het opgeoffer en kom sit in 'n warm kamer, en wat nog, omdat hulle U Woord liefhet.

2 En ons kom om vir die siekes te bid, vanaand, Here, en die behoeftiges. Mag daar nie 'n swak persoon in ons midde wees teen die einde van hierdie diens nie. Beloën hulle vir hulle getrouheid, Here. Spreek tot ons deur U Woord, en versterk ons, Here, waar ons gaan, die smaad dra. Watter voorreg om dit te doen! Ons vra in Jesus se Naam. Amen. Kan maar sit.

3 Ek sou nie woorde kon vind, natuurlik nie, om my dankbaarheid te betuig teenoor 'n groep mense soos hierdie, wat sal kom en in hierdie gebou sit nie. Ek wil sê, dat, môre . . . Of, ons gaan daar na Topeka, Kansas, toe vir die volgende byeenkoms, en dit sal die volgende Sondag eindig. En dan gaan ons, daarvandaan, na Philadelphia.

En, nou, is ons veronderstel om oorsee te gaan, daar na Kenia, en Tanganjika, en Uganda, onder die—die stamme daar. En hulle het nou 'n opstandjie met die Mau Mau. Ek kan nie ingaan as 'n sendeling nie, maar ek gaan as 'n jagter probeer inkom. Gaan in, en hulle maak gereed.

4 Gewoonlik gaan ek as 'n sendeling in en gaan jag, hierdie keer gaan ek soos om te gaan jag, en 'n sendeling wees. So, daar—daar, enige manier om daar by hulle te kom. En Broer Mattsson-Boze is dan belas met die taak, probeer my inkry, om 'n safari te reël dat ek inkom om te gaan jag. Wel, dan kom ek in op hierdie safari, dan gaan hy sê: "Ons Broer Branham is in die land." Gaan daar na die ambassade toe: "Sal dit in orde wees as ons maar net 'n klein byeenkomsie hier hou?" Sien? Dit kry dit dan aan die gang, en hou dit net aan die rol. So ons weet nie of dit gaan wees nie, ons in staat gaan wees om dit te doen, of nie. Ons probeer. En ek het die Here gevra, as iets gebeur dat hy nie kan nie, dan sal dit vir my 'n teken wees dat ek hier in Jeffersonville moet terugkom en die *Sewe Basuine* preek, Julie of Augustus langs, êrens daarrond.

5 En dan, as ons dit doen, ons sien vandag, ons gaan probeer om hierdie skoolsaal hier te kry wat lugreëling het, want dit sal lekker koel wees. Kan vyftien- of agtienhonderd mense huisves. En dit het lugreëling, 'n splinternuwe plek, net omtrent vyf blokke bokant hierdie. En eenkeer het ons

daarvoor gevra, en hulle wou ons dit nie laat kry nie. En die man wat ons dit nie wou laat kry het nie, is uit die raad uitgegooi. So nou, sê die man wat nou daarop is, ons kan dit kry enige tyd wat ons dit wil hê. So ons is—ons is baie bly om dit te kry. En so kan ons in staat wees om dit nou te kry, en êrens in Julie, en het . . . Hoeveel sou bid, as die Here se wil nou, as iets ons wegwys? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

6 Weet julle, ek hou van Arizona. Dis 'n wonderlike landstreek. Ek het altyd verlang om daar te wees.

As jy dit 'n bietjie sal opskuif, Broer Ben, as jy sal, as dit is . . . O, dit . . . Ja, meneer. Ja. O, wie ook al daarop is, dit net 'n bietjie sal opstel, want ek kom terug vanaf daardie werklik . . . [Iemand sê: "Band, broers."—Red.] Hoe sê? ["Dis net die bande."] O, net die bande. O, hier is die ander een hierbo. Ek's jammer. Goed, Broer Ben. So ek . . .

7 Kom terug van Arizona af, kom hier in, dit maak my net 'n bietjie hees, vanweë 'n verandering in klimaat. Hier het ons omtrent sewe-en-tagtig tot negentig, en soms honderd persent, humiditeit. En daar raak dit tot nul, en dan somtyds, op 'n gemiddelde, een-twintigste van een persent humiditeit. Jy lewe net onder 'n suurstoftent. En kom dan daaronder uit, hiernatoe, weet jy watter verskil dit aan jou maak. So dit pla jou wel in die stem, ensovoorts.

Skuif dit waar dit was, as jy sal, Broer Ben. Ek het 'n fout gemaak om dit op te skuif. Ek het gedink dit was, maar *hierbo* is waar hulle dit opstel.

8 Nou bid vir ons, elkeen van julle. Ek waardeer julle so. Billy het my vertel van iemand wat vir ons 'n mandjie perskes gebring het, en sommer geskenkies wat julle . . . Ek kan julle net nie genoeg bedank nie. Ek—ek weet nie hoe om dit te doen nie. En ek—ek voel so onwaardig om sulke dinge van julle te neem. Ek bid God sal julle seën, en ek weet Hy sal, want Hy het gesê: "Insoverre as julle aan die geringstes van hulle doen, het julle dit aan My gedoen." En God sal julle seën, is ek seker.

9 En Arizona synde so 'n lekker landstreek, is daar een ding wat ek mis, dis, julle almal. Dis reg. Ek mis julle almal. Ek—ek gee nie om waarheen ek gaan nie, ek—ek . . . dit is nie, dit is nie julle nie. Ek het vriende oral om die wêreld heen, maar dit—dit is nie—dis nie julle almal nie. Daar's iets omtrent hierdie groepie wat net . . . Ek weet nie. Ek dink aan hulle.

10 En by Tucson, dis 'n toeriste stad, julle weet, en die kerke wedywer, julle weet. Dis soort van moeilik. Nie baie geestelik nie, en omdat daardie kompetisie is, is baie sterk, en dit maak dit moeilik. As ek almal van julle almal kon hê, plus die kerk, dan daar leef, skat ek sou dit in orde wees. Sien? Maar ek veronderstel, solank as dit 'n kerk bly, en julle almal steeds kom, sal ek steeds hier wees, totdat Jesus kom.

11 So bid vir my, soos ek 'n ruk gelede gesê het. Ek bedoel nie om dit te herhaal nie, maar wanneer ek voor julle kom, raak ek—ek senuweeagtig, en ek raak droefgeestig, en sentimenteel, en temperamenteel, ook. Ek is dit, om mee te begin, so ek . . . dit maak my verskeurd van binne. Maar om te weet dat waar ook al ek kan gaan . . . Ek het nie 'n—'n groep op aarde, waarvan ek weet, wat by my staan soos hierdie groep nie. Mag—mag God ons so onafskeidbaar laat wees, dat, in die Koninkryk wat sal kom, ons daar saam mag wees; my gebed.

12 Gesit hier by die deur, gepraat met Bill Dauch net 'n oomblik gelede voor ek iemand weer teruggelei het na Christus toe, in die ander kamer. Maar daar gesit en praat met hom, een-en-negentig jaar oud, hy het gesê: "Ek—ek raak swak. My oë is nie wat hulle moet wees nie."

En ek dink, 'n paar jaar gelede, kom ek na hom toe toe hy 'n totale hartversaking en hartblokkasie gehad het, sterwende was. En die einste dokter wat hom gedokter het, wat gesê het hy kon nie gesond word nie, die dokter is dood. En hier sit Bill Dauch, sien, van een-en-negentig jaar oud. Ek het gesê: "Bill, jy is van geen nut meer op aarde sover werk en sulke dinge nie. Maar ek vra dit: 'God gee jou krag,' want jy het die dienste so erg lief." Daardie een-en-negentig-jaar-oue man deurkruis die nasie in 'n motorkar, warm, droog, koud, maak nie verskil nie, wat dit ook al is, om die Woord te hoor. God seën daardie moedige siel. Nou het ek nie . . .

13 Ek het nog een verskoning, om vir julle te hou soos ek vanoggend het, op 'n drie uur. En ek het nie reg laat geskied aan die boodskap nie, omdat ek dit opgesny het, en deel daarvan gelos het, en deel daarvan oorgeslaan het, ensovoorts. Dis waarom ek hulle gesê het om die band te hou. Laat ek weer daarby uitkom êrens waar dit koel is of iets. En ek—ek—ek kan die Gees aanvoel, maar ek kyk na julle en weet julle waai koel en weet julle kry warm, en—en dit skeur my net aan stukke. Ek wil nie hê julle moet uithou nie, ek—ek wil hê julle moet gerieflik wees. Sien? En dit vermoei my.

14 Soos, ek sien siek mense; as ek nie—as ek nie meegevoel met daardie siek mense kan hê nie, kan ek hulle geen goed doen nie. Ek—ek moet meegevoel met hulle hê. En net so met—met julle; ek—ek moet meegevoel met julle hê, of ek kan nie julle broer wees nie. Sien? Ek—ek moet gevoel hê vir julle. En, ek doen dit; God weet dat dit waar is.

15 En nou, vanaand, sal ek gee aan bid vir die siekes.

En ek wil . . . man, en seën hierdie manne, en Broer Collins, en Hickerson, Broer Neville, Broer Capps, die trustees, en almal, vir die mooi verslae wat gekom het, aan hoe julle ordelik is, die kerk vestig, en hoe alles in sy regte posisie aan die kom is. Ek is dankbaar teenoor julle manne. Die Here seën

julle vir 'n opdrag probeer uitvoer. En brief na brief kom in Tucson, na my toe: "Broer Branham, dis nie soos dit altyd was nie. Dis soveel anders, so 'n geseënde gevoel van die Teenwoordigheid van God." En ek's—ek's dankbaar daarvoor. Die Here seën julle altyddeur!

16 Dan, nou vanaand, ek het hier 'n plekkie gelees in die Skrif om—om miskien 'n paar woorde uit te soek, om te praat en 'n Skrif te lees, en dan miskien 'n paar Skrifte, dan met julle te praat vir 'n paar oomblikke en vir die siekes bid. Nie maar net 'n paar omblikke nie; ek hou die horlosie dop, en ek sal probeer om dit net so vinnig as moontlik te maak. Maar ek dink wel dat wanneer 'n skare mense vergader het, sonder om die Woord te lees of iets te doen, 'n bietjie aansporing, sou die byeenkoms nie volledig wees nie.

17 Baie van julle het gewag. Baie van julle het nog myle se reis vanaand. Hoe admireer ek dit nie! Hoe kyk ek nie en sien elkeen, en dink aan. . . Daar in Arizona, dink ek: "Wanneer ek hom weer sien, gaan ek reguit soontoe stap en sy hand skud en sy nek omhels." En hier sit julle hier, en wie, waar kan ek, julle weet? Weet nie by watter een om te begin nie, en watter. . . hoe om daaruit te kom nie. Maar, ja, ek is lief vir julle. God is ook lief vir julle.

18 Nou dink ek, as ek my nie misgis nie, as ek nie die—die verkeerde Skrif het wat hier lê nie, wil ek lees uit I Korinthiërs, die 1ste hoofstuk, vanaf die 18de vers, en ook II Korinthiërs 12:11 lees, om 'n teks te neem. Nou as ek hulle ewe gou kan kry, en dan sal ons lees, en dan bid en dadelik begin, net praat met julle vir 'n paar minute oor 'n onderwerpie. In I Korinthiërs, die 1ste hoofstuk, vanaf die 18de vers.

> *Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God;*
>
> *want daar is geskrywe: Ek sal die wysheid van die wyse mense vernietig en die verstand van die verstandige mense tot niet maak.*
>
> *Waar bly die wyse? Waar bly die skrifgeleerde? Waar die redetwister van hierdie eeu? Het God nie die wysheid van hierdie wêreld* dwaasheid *gemaak nie?*

Mag ek dit weer aanhaal? "Het God nie die wysheid van hierdie wêreld dwaasheid gemaak nie?" Wat is die wysheid van hierdie wêreld dan? Dwaasheid.

> *. . . het God nie die wysheid van hierdie wêreld* dwaasheid *gemaak nie?*
>
> *Want aangesien in die wysheid van God die wêreld deur die wysheid God nie geken het nie, het dit God behaag om deur die dwaasheid van die prediking dié wat* geglo het*, te red:*

Kan ek daardie vers weer lees? Luister aandagtig.

Want aangesien in die wysheid van God die wêreld deur die wysheid God nie geken het nie, het dit God behaag om deur die dwaasheid van die prediking dié wat glo, te red:

Want die Jode vra 'n teken en die Grieke soek wysheid,

Maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke;

Maar vir dié wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God.

Want wat dwaas is by God, is wyser as die mense; en wat swak is by God, is sterker as die mense.

19 En in II Korinthiërs die 12de hoofstuk, die 11de vers, Paulus wat praat.

Al roemende het ek dwaas geword. Julle het my daartoe genoodsaak. Want ek moes deur julle aanbeveel geword het; want ek het niks by dié uitnemende apostels agtergestaan nie, al is ek niks nie.

20 Laat ons bid. Here Jesus, voeg by tot hierdie paar woorde, vanaand, wat gespreek was in vergange dae, deur die groot apostel Paulus, dat ons kan baat daarby deur hulle te hoor vanaand, in hulle toe te pas op ons lewens, dat ons die—die handewerk van God kan wees, gemaak na die vorm wat Hy gekies het vir ons om in te wees. Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

21 Ek gaan vanaand preek vir 'n paar minute, as die Here wil, oor die onderwerp: *Die Vreemde Kêrel*. Nou, dis 'n baie kru, onmanierlike teks om te neem, maar dis, ek dink sal dit min of meer stel op die manier wat ek dit wil uitdruk.

22 Weet julle daar is soveel dinge vandag, dat mense vreemde kêrels [*oddballs*] word, noem ons dit. En daardie uitdrukking, as enigeen dit nog nooit gehoor het nie, dit beteken iemand wat "eienaardig" is, iemand wat "vreemd" is vir 'n ander kêrel. En sonder twyfel is baie van ons vreemd, vir mekaar.

23 En, nou, ek het eenkeer in die straat afgegaan in Los Angeles, Kalifornië, en ek het 'n baie vreemde persoon gesien, wat vreemd optree. En hy het straat-af geloop, nie weggestaan nie, maar hy het net bloot soos 'n namiddag-wandeling gevat. En ek het na die oorkant van die straat gegaan om te sien wat hy maak. Almal was aan die omdraai, lag vir hom, vanweë sy eienaardigheid.

Ek het opgelet hy het 'n kennisgewing aan sy voorkant laat hang. En ek het gedink ek sal kyk waaroor almal lag, hierdie vreemde, eienaardige man. En so was hy . . . Ek het hom opgelet

soos die mense na hom gekyk het, het hulle vir hom gelag, en—en, maar hy het skynbaar 'n ander soort glimlag gehad, 'n glimlag van tevredenheid. Die ander glimlagte, wat die mense hom gegee het, was meer soos om hom bespotlik te maak, maar hy was skynbaar tevrede met wat hy aan die doen was.

24 Wel, dis 'n heelwat om oor te dink, wanneer 'n man tevrede is met wat hy doen, is reg. Al is hy 'n vreemde kêrel vir iemand anders, as hy tevrede is dat wat hy doen, reg is, laat hom dan daarby hou.

En soos ek naby die mannetjie kom, het ek opgelet op . . . oor sy bors hier, op 'n plakkaat of 'n bord, was geskrywe: "Ek is 'n gek," en aan die onderkant, was "vir Christus." "Ek is 'n gek," in groot letters; daar aan die onderkant, het gestaan: "vir Christus." En almal het hieroor gelag.

25 En soos die mannetjie daar deurgedruk het deur die skare krete en tekere gaan, het ek gedraai om te kyk wat op sy rug was. En daar was 'n yslike groot vraagteken op sy rug, en daar aan die onderkant, het gestaan: "Nou wie se gek is jy?"

26 Wel, ek—ek het gedink hy het iets beet, julle sien, maar hy was skynbaar tevrede dat hy 'n gek vir Christus kon wees. En dis wat Paulus gesê het hy geword het, 'n "dwaas" vir Christus.

27 Broer Troy, van die Volle Evangelie Sakemanne, 'n baie goeie vriend van my, hy—hy's 'n blokman. En 'n soort kiem in sy hand gekry, van varkvleis opsny eenkeer. Een of ander man wat weet, of 'n vrou, weet dalk wat die kiem was; maar dit—dit sal jou verteer. So, ten einde sy lewe te red, moes—moes hulle drie vingers afsit. En hy het net twee vingers aan een hand, maar tog bly hy 'n slagter.

28 En daar was 'n Duitsertjie wat saam met hom gewerk het in 'n—'n slaghuis, daar in Los Angeles, so hy—hy het aanhou probeer om die Duitsmannetjie na Christus te lei. En hy het gesê hy was 'n "Lut'raan," en dit was in orde vir hom. Hy was tevrede hy was 'n Christen, omdat hy aan die "Lut'raanse" kerk behoort het, soos hy dit gestel het. So een aand, het Broer Troy die voorreg gehad om hom sover te kry om kerk toe te gaan.

29 Sy naam was Henry. En Henry, in Duits, is "Heinrich," en toe noem hulle hom "Heini." Julle het daardie uitdrukking al gehoor. Hy het gesê: "Heini, wat van kerk toe gaan saam met my vanaand?"

30 "Wel," het hy gesê: "Ek dink ek sal gaan." Toe het hy gegaan daar na 'n outydse byeenkoms waar hulle 'n biduur gehad het, en hy het werklik onder oortuiging gekom, en sy hart vir Christus gegee.

O, die volgende dag, het hierdie Duitsmannetjie homself geniet. Elke nou en dan sou hy sommer deur die gebou loop,

met sy hande op in die lug, sê: "Loof God! Dank U, Here Jesus!" en hy het almal se aandag getrek, van almal van hulle.

31 Sien julle, hy het 'n vreemde kêrel geword vir die hele ry blokmanne. En hy sou vleis opsny, en hy sou begin dink aan die Here, en hy sou begin huil. Hy sou die mes neersit, en op-en-af loop in die paadjies, nie histeries nie, maar net liefde teenoor Christus betuig, sê: "O, hoe lief het ek U, 'Yesus!'" Julle weet, loop net heen-en-weer.

32 En die baas het verbygekom en hom dit sien doen, en soos hy daar gaan loop het, huilende. En, die baas, hy het nooit die baas opgelet nie; hy het aan Jesus gedink. En hy het daar begin, met sy hande bo in die lug, en die trane wat teen sy wange afrol, gesê: "O God, hoe lief het ek U!"

En die baas het gesê: "Heini, wat in die wêreld het met jou gebeur?" Hy het gesê: "Almal in die—in die hele ry praat daaroor. Wat in die wêreld het met jou gebeur, Heini?"

33 Die Duitsmannetjie het gesê: "O, baas!" Hy het gesê: "Glorie aan God, ek is gered!"

Hy het gesê: "Jy is wat?"

Hy het gesê: "Ek is gered!" Hy het gesê: "Ek is saam met Broer Troy hier daar na 'n sendinkie toe, en ek—ek is gered. En Jesus het in my hart ingekom, en ek's so vol liefde!"

Hy het gesê: "Julle moes daar na daardie klomp "nuts" [Afr: "Malles."—Vert.] toe gegaan het."

34 Hy het gesê: "Ja!" Het gesê: "Glorie aan God!" Gesê: "Dank God vir die 'nuts' ["malles"]." Hy het gesê: "Weet jy, neem jy 'n motorkar wat pad-af kom, en jy vat al die moere [Eng. "nuts."—Vert.] daaruit, het jy niks behalwe 'n klomp 'yunk' [skroot] nie!" [Vertaler nota: In Engels beteken die woord "nut" beide "'n vreemde of mal persoon" asook: "moer" wat ons op 'n bout draai."—Vert.]

35 Wel, ek weet nie, maar die Duitsmannetjie was dalk net omtrent reg. Haal al die moere ["nuts."] uit? Die moere ["nuts"] is wat dit aanmekaar hou. En ek dink dis wat soms die kerk aanmekaar hou, beskawing aanmekaar hou.

36 Nou, gekom daar van 'n besoek aan Prescott, 'n paar dae gelede, het ek gekyk na die woestyn en opgelet hoedat hulle buitekant Phoenix die Japannese Tuine het, en hulle het blomme daarin gehad, pragtige blomme. Waar, toe ek daar 'n seun was, ek beeste opgepas het daar deur daardie plekke. Die koeie, was geen gras nie, so hulle het maar van kaktussade ensovoorts gelewe.

37 En toe het ek opgelet daar was 'n—'n reproduksie van die gebruik van die woestyn. En in die woestyn kry ons dit, die kaktus en die blomme. En in my huis daar, of die huis wat

ons huur; Suster Larson, ek dink sy was vanmôre hier, ek het haar gesien. En sy het 'n blombedding aan die buitekant van—van die huis; bietjie grond. Daar is alles sand, so sy het 'n bietjie grond gehad in 'n groot blombedding aan elke kant van die dupleks. En elke oggend moet ek uitgaan en daardie blomme water gee. As ek hulle nie water gee nie, sal hulle doodgaan. En hulle sal. . .En dan, weer, moet ek bietjie spuitgoed kry en hulle bespuit, om die luise van hulle af te hou; die goggas sal hulle opvreet.

38 En dan gaan jy net 'n bietjie bokant dit, dertig voet daarvandaan, groei daar 'n paar blomme, en buite in die woestyn groei hulle. En jy sou twintig voet diep kon grawe en dit sou soos 'n kruitvat wees; niks ter wêreld behalwe net stof nie, en daar is glad geen water nie. En wie bespuit hulle? Sien?

Hierdie in die blombedding, as jy nalaat om hulle te bespuit en hulle water te gee, die termiete of die goggas, luise, sal hulle opvreet. Maar die luise kan nie daardie een daar in die woestyn bykom nie, en hy hoef ook nie gepamperlang en elke dag natgegooi te word nie; hy is 'n produksie van die Skepper. Hierdie is 'n baster reproduksie.

39 En ek dink dat, vandag, waarom Christendom, vir die mense, 'n malle geword het; is omdat ons 'n klomp reproduksies het en nie egte Christene nie, 'n klomp wat gepamperlang en bespuit moet word, en ten einde in die kerk te bly.

40 Ek kan my die heel eerste Kerk voorstel, wat hulle was en vergelyk dit met hierdie reproduksie vandag. Hierdie sou 'n goedkoop produksie wees van wat die ware eerste Kerk was, daardie stoere gelowiges in God, met die Heilige Gees. Jy het hulle nie gepamperlang nie. Jy het nie nodig gehad om hulle te streel en hulle te vertel jy sal hulle in *hierdie* een inneem nie; en as hulle moeg raak daardie een, gaan hulle oor na 'n ander een; en jy sal hulle 'n diaken maak as hulle hierheen kom en hierdie ander een verlaat. Dis 'n baster reproduksie.

41 Ek het gedink aan Michelangelo se oorspronklike skildery, ek dink, van "Die Laaste Avondmaal." Ek dink hy het dit geskilder. Besef julle wat daardie oorspronklike skildery jou sou kos? Dit sou ontelbare duisende dollars wees, sou nooit daardie oorspronklike raak nie, omdat dit bo enige prys is. Dit word so hoog waardeer! Maar jy kan 'n goedkoop reproduksie daarvan koop vir omtrent twee dollar.

42 Dis waarom mense vandag nie die stoerheid van ware egte gelowiges kan verstaan nie. Hulle raak 'n malle. Weet julle, die wêreld raak in so 'n groef, dat elke nou en dan jy 'n malle moet hê om dit in lyn te bring. Vereis iemand op die toneel te kom wat 'n bietjie anders is, en hy is 'n malle vir daardie geslag. Ek het nou die dag gedink, wie is in staat?

Wie is vandag nie 'n "nut" ["malle"] nie? Jy's iemand sê "nut" ["malle"]. Ek glo die wêreld het heeltemal kranksinnig geraak. Het julle geweet dis 'n tyd dat mense nie kan oordeel tussen reg en verkeerd, of waarheid en fout nie?

43 Weet julle die politici kan nie reg of verkeerd beoordeel nie? Julle sien hulle stilbly oor hierdie stemming, die Bybel terug in die kerk of in die. . .Bybel terug in die skool? Hulle weet nie watter rigting die politiek gaan waai nie. Dink daaraan! Ek weet nie hoe dit nou in Indiana is nie, maar in die staat van Arizona is dit teen die wet om die Bybel in die skool te lees. Ek dink dis dieselfde ding in Indiana, byna die hele Verenigde State, omdat een of ander ongelowige vrou die hele program verander het. En onthou, dis teen die wet om die Bybel in ons staatskole te lees, maar gelowiges se belasting ondersteun ongelowigheid om in die skole verkondig te word.

44 Politiek. Ons het nog 'n Abraham Lincoln nodig. Ons het nog 'n Patrick Henry nodig. Ons het 'n Amerikaner nodig wat kan uitstaan ongeag waar die politiek is, en reg "reg" noem, en verkeerd "verkeerd."

45 Het julle geweet predikers kan nie vandag oordeel wat reg is nie, die Woord van God of die kerk-denominasie? Hulle weet nie watter pad om te kies nie. Hulle kan nie oordeel tussen reg en verkeerd nie. "Ek weet die Bybel sê dit, maar ons kerk sê. . . " Sien, mense is nie in staat om reg van verkeerd te onderskei nie. En enigiets wat teenstrydig is met die Bybel, is verkeerd. God se Woord is reg, en elke mens se woord is 'n leuen, wat teenstrydig Daarmee is. En probeer nou staan op 'n—'n—'n tydstip soos hierdie, en te staan vir wat reg is, word jy 'n "nut" ["malle"].

Laat ons 'n paar karakters roep.

46 Ek kan my voorstel die profeet Noag, in daardie groot dag waarin hy geleef het; daardie groot wetenskaplike tydperk waar hulle piramides en sfinkse gebou het, waar hulle kon bewys dat daar geen water in die lug was nie, deur wetenskaplike navorsing. Hier kom hierdie ou man daar, en het gesê: "Daar gaan reën uit die hemele kom." Noag was 'n "nut" ["malle"] vir daardie geslag. Hy het 'n "nut" ["malle"] geword.

47 Laat ons aan Moses dink. Moses, toe hy daar na Farao toe gegaan het, soos ons vanmôre bespreek het, en Moses gaan af na Farao, en sê: "Die Here het my gestuur om hierdie slawe uit te bring," met 'n stok in sy hand, teen die groot leër wat die hele wêreld oorwonne gehad het. Farao, in al sy wetenskaplike genialiteit, het gedink Moses was 'n "nut" ["malle"]. En hy was 'n "nut" ["malle"], vir hulle.

48 Ek kan my die profeet Elía voorstel, in sy groot dag, toe die fabelagtige tydperk van mode; toe Agab en Isébel die wêreld oorheers het, soos dit was, in daardie dae; en al die modes en dinge wat Isébel wou dra, en hoe sy al die vroue soos sy

laat aantrek het, en haar verwe, en aangaan, haar modes, die manier waarop sy haarself geskoei het. En toe 'n ou getikte, soos Elía, uitkom op die toneel en die hele nasie weerstaan het; vir Agab, was hy 'n "nut" ["malle"]. Dis reg.

49 Amos, die profeet, toe hy na Samaria kom in die dag wat Samaria was soos Hollywood vandag, die vroue op straat, geklee, en selfs publieke ontug, hoe hulle tekere gaan en daar leef, laat mans . . .

50 Dis byna 'n publieke ontug, vandag, reg voor jou. Ek het na 'n sekere plek gegaan nou die aand, om iets te kry om te eet, en die seuntjies en meisietjies daar aan die omhels en soen soos ek weet nie wat nie.

En weet jy, my sustertjie, dat dit potensieël 'n ontug is? Wanneer 'n man jou soen, het hy potensieël ontug gepleeg met jou. Jy behoort hom jou nooit te laat soen, totdat julle getroud is nie, want die kliere, beide manlike en vroulike kliere, is in die lippe. Verstaan julle? En wanneer manlike en vroulike kliere saamkom, laat dit wees waar dit ook al mag wees, het jy potensieël ontug gepleeg. En jy behoort nie 'n seun jou te laat soen, totdat daardie sluier op jou gesig gelig word en jy sy vrou is nie. Moet dit nie doen nie! Dis ontug pleeg. Dis meng van manlike en vroulike kliere.

51 Waarom soen 'n man nie 'n man, vrou nie 'n vrou, op die lippe nie? Want dit kruis nie die kliere nie. Kinders word gebore deur kliere te kruis.

So dis byna weer 'n publieke ontug, oral. Kyk op die skerms en alles wat jy sien, 'n—'n gekwyl en 'n—'n aanganery. Geen wonder onsedelikheid is aan die—is aan die toeneem nie! Hoe kan hulle dit doen, en hulleself heel aanspoor deur daardie vroue in die mond te soen, wetende dat dit ontug is! God sal dit nie vergewe tensy jy jou bekeer nie.

52 En nou, toe aangekom het, hierdie groot profeet, Amos. Hy is bekend as een van die mindere profete, omdat daar nie te veel van hom geskrywe is nie, maar hy het die Woord van die Here gehad. En hy het uitgekyk oor daardie stad, alle gegewe . . . In die parke, mans sit met hulle arms om vroue, en vrou met hulle arms om mans, sommer 'n moderne Hollywood! En hy het daar deur daardie stad gestap, en gesê: "Julle sal julle bekeer, of vergaan!" Hy was 'n "nut" ["malle"]. Hy het hom byna self kranksinnig verklaar, vir hulle.

53 Johannes die Doper, toe hy op die toneel kom. Vir die godsdienstige denominasies van daardie dag, was hy 'n "nut" ["malle"]. Hy het die geleentheid gehad om 'n priester te word, om in sy vader se voetspore te volg. Maar hy het geweier om dit te doen, omdat God hom uit daardie geloofsbelydenisse en denominasies uitgehou het, want sy taak was te belangrik. Hy sou die Messias se koms aankondig. En toe hy niks te doen

gehad het met nóg Fariseër, nóg Sadduseër, of wat dit ook al was nie, het hy die hele groep van hulle verwerp, en gesê: "Julle moenie begin deur te sê: 'Ons het Abraham as ons vader' nie, want ek sê dat God in staat is om kinders van Abraham uit hierdie klippe te laat opstaan." Vir die—vir die godsdienstige wêreld van sy dae, was hy 'n "nut" ["malle"]. Reg.

54 Toe Jesus op die toneel gekom het. Vir die godsdienstige mense van Sy dae, was Hy ook 'n "nut" ["malle"]. Want, hulle het gesê: "U is 'n Samaritaan. U is van U verstand af. U's 'n mal mens," met ander woord: "'n gek." Hy was dit, vir die mense, jou Here en Redder.

Geen wonder nie, Paulus, opgelei deur Gamaliël om 'n priester te wees, die geleentheid om eendag 'n hoëpriester te word. En op sy pad daar na Damaskus, is hy neergefel deur 'n bonatuurlike Lig. En hy het opgekyk, synde 'n Jood, en geweet daardie Vuurkolom was wat sy mense gelei het. Hy het gesê: "Here, Wie is U?"

En Hy het gesê: "Ek is Jesus."

55 En toe hy sy geleerdheid verbeur, hy al sy teologie verbeur wat hy in die skole opgelei was, en 'n gewone, straatprediker word, was hy 'n malle. Hy het gesê: "Ek het 'n dwaas geword."

56 En die mense het gedink hy was mal, buite homself. Hy het vir Festus gesê: "Ek is nie mal nie." Hy het net die Here geken. Maar om die Here te ken in 'n godsdiensige groep . . .

Ek hoop julle mis dit nie. Om Jesus te ken, hierdie dag, onder 'n godsdienstige groep, is jy 'n "nut" ["malle"]. Dit het nie verander nie. Ek sou lank hierby kon vertoef, maar ek—ek wil opskud vir die gebedsry.

57 Martin Luther, daardie Duitse priestertjie, wat die nagmaal gedra het eendag, het dit neergegooi op die trappe, en gesê: "Dit is nie die liggaam van Jesus Christus nie. Dit is maar net brood wat daaragter gemaak is." En hy het verklaar, dat: "Die regverdige sal deur die geloof lewe." Hy was 'n "nut" ["malle"], vir die Katolieke kerk. Hulle sou hom daarvoor kon vermoor het, maar, hy was 'n "nut" ["malle"], en hulle het hom net alleen gelaat. Maar, hy het 'n "nut" ["malle"] geword, vir daardie geslag.

58 John Wesley, in die dae van die groot immorele uur van Engeland. Wanneer, as Wesleyaanse herlewing nie op die toneel gekom het nie . . . Die hele wêreld was korrup, onsedelikheid oral. En die Anglikaanse kerk het so ver afgedwaal, tot daar nie meer herlewing was nie; sulke Calvinistiese denke! En John Wesley kom op die toneel, met die—die woord van heiligmaking, reiniging van die immorele. Hy het 'n "nut" ["malle"] geword.

59 Haal Mnr. Wesley aan, eenkeer, in sy boek. Hy het met 'n paadjie langs gekom, en een van die manne van die

Engelandkerk. . . Hulle het almal gedink hy is gek, toe staan hy in die pad. Mnr. Wesley was 'n klein mannetjie. Hierdie yslike groot man het gedink hy sal regkry om hom plat te slaan, toe staan hy in die pad. Mnr. Wesley het nadergeloop en gesê: "Verskoon my, meneer, sal jy uit die pad uit staan? Ek's haastig."

En die Anglikaan het vir hom gesê: "Ek staan nie uit die pad vir 'n dwaas nie."

60 Mnr. Wesley het sy hoed beleefd gelig, om hom geloop; gesê: "Ek doen dit altyd." So, julle sien, dit was een wat die malle was; een was vir Christus, die ander een was vir die kerk.

So, jy's steeds iemand se "nut" ["malle"].

61 Toe die Pinksters op die toneel gekom het, vyftig jaar gelede. Hulle het gesê: "Daardie mense is gek!" Hulle was "nuts" ["malles"], dis reg, omdat hulle al daardie korrupsie veroordeel het wat in die kerktydperke was op daardie tydstip toe hulle op die toneel gekom het.

Maar wat het die Pinkstermense gedoen? Het reg teruggegaan in die braaksel waaruit hulle gekom het, reg terug in die denominasionele korrupsie in. Weet julle wat? Dis tyd vir nog 'n "nut" ["malle"]. Ja. Dis tyd vir nog een. Dis reg.

62 Let op, 'n moer ["nut"], voor daar 'n moer is, is daar 'n bout waarop daardie moer pas. En daardie moer is gedraad vir daardie bout; as dit nie is nie, pas dit nie. Let op. Almal wat gedraad was, in die dae van—van Noag, gedraad vir die Evangelieboodskap; Noag die "nut" ["moer"] het hulle in die ark ingetrek. Dit hang af van wat jou draad is, waarvoor jy gedraad is. As jy gedraad is vir die wêreld, sal hulle jou trek. As jy gedraad is vir die Woord, sal Dit jou trek. Dit hang af van waarvoor jy gedraad is, watter "nut" ["moer"] jy sal volg.

63 Maar Noag, synde 'n "nut" ["moer"] met die Woord van God, 'n "nut" ["malle"] vir die wetenskaplike tydperk en vir die godsdienstige tydperk waarin hy geleef het, hy het hulle getrek, wat gered sou word, in die ark in. Amen. Hulle wat voorbestem was, die bout wat gemaak was voor die moer. Die bout moet gedraad wees vir die moer.

64 So, Satan, hy het ook boute en moere, boute en moere van die koninkryke van hierdie wêreld.

Farao was net soveel van 'n "nut" ["malle"] vir Noag, of vir Moses, as wat Moses vir Farao was. Farao, met al sy wetenskaplike truuks, het sy nasie na homself toe getrek. Noag, deur 'n "nut" ["malle"] vir God te wees, het die kerk na die beloofde land getrek. Hang af van watter kant toe jy gedraad is. Hy het die kerk uit Egipte uitgetrek; soos Noag die kerk uit die wêreld uit, na die ark getrek het. Moses het die kerk uit Egipte getrek, na God se beloofde land.

65 Jesus het gesê. Nou, wees versigtig, omdat hierdie boute en moere baie dieselfde lyk. Hou net die draad dop. Matthéüs 24:24, het Hy gesê: "Dit sal byna die einste Uitverkorenes mislei."

Nou, die—die Amerikaner en die hele wêreld denominasie het 'n "nut" ["malle"] nodig.

66 Die Metodis, die Baptis, die Presbiteriaan, hulle is almal verstrooid *hierin*, *daarin*, en almal aan die baklei. En, na alles, is hulle almal gedraad vir dieselfde bout. So God het hulle 'n bout gegee, en stuur hulle 'n "nut" ["moer"], die Wêreldraad van Kerke. Dit sal hulle almal saamtrek. Dis reg. Dit sal beslis. Dit sal hulle saamtrek, die Wêreldraad.

67 Weet julle, dit raak, hier nie lank gelede nie. . . Daar kan niks gebeur, 'n saak, sonder 'n rede nie. Die vroue wil hulle klere afstroop. Hulle wou kortbroeke dra. Hulle wou steeds aan die kerk behoort. Hulle wou al hierdie 'kini's, of wat jy die goed ook al noem, dra. Hulle wil dit doen, en hulle wil steeds aan die kerk behoort; hulle wil skree, roep, en dans; aanbidding, dis 'n aanbidding.

68 Nou, as ek tyd gehad het, sou ek dit vir julle bewys. Dit is 'n duiwelaanbidding, so te dans en daardie dinge te doen. Ek kan dit vir julle bewys, in die heidense lande. Hulle wou aanbid, en hulle getuienis volhou en steeds in die kerk bly. Toe gee God hulle 'n "nut" ["malle"], twee of drie van hulle; een genaamd Elvis Presley; een, Pat Boone; en Ernie Ford; kan gewyde liedere sing en alles anders, en steeds aanspraak maak daarop om 'n Christen te wees. Dis 'n "nut" ["malle"]. Dis nie gedraad vir die Woord nie. Reg.

Nou, ek het gesê ek sou klaar wees binne 'n halfuur, en dis om. Maar, luister.

69 Die wêreld wil 'n "nut" ["malle"] hê. Die duiwel sien dat hulle dit kry. Hulle het alreeds die draad daarvoor.

Maar, terwyl die wêreld gedraad word vir 'n "nut" ["malle"], is daar mense genaamd die Bruid. Dit het ook 'n draad. Net so seker as wat ek hier staan, sal God vir hulle 'n "nut" ["malle"] stuur wat die Bruid uit hierdie chaos sal uittrek, in die Teenwoordigheid van God in. Dit sal 'n Woord-draad "nut" ["malle"] wees.

70 'n Kritikus het, 'n paar dae gelede, vir my gesê, daar in Tucson. Hy het gesê: "Weet jy, sommige mense maak jou 'n 'nut' ["malle"], en ander maak jou 'n god."

Ek het gesê: "Wel dit loop soort van reg." Ek het geweet hy probeer my kritiseer. Sien?

71 Hy het gesê: "Mense dink jy's 'n god."

72 Ek het gesê: "Wel, maar. . . " Ek weet die mense het die nie gedoen nie. Maar ek—ek het geweet hy het dit nie verstaan

nie, omdat hy aan die anderkant van die vel was, sien julle. So ek het geweet hy het nie, hy het dit nie geweet nie. Toe het ek gesê: "Dis nie te ver weg van die Woord van God af nie. Is dit?"

Sien, laat hom net—laat hom net weet dat ons nie verlore was nie. Ons weet waar ons gestaan het. Ons weet watter soort seile ons gespan het, en watter soort wind dit aangeblaas het. Ons weet wat ons draad was, en wat ons "nut" ["moer"] was. En ons weet hoe ons staan.

Ek het gesê: "Dis nie teenstrydig met die Woord van God, so erg nie. Is dit?" Ek het gesê: "Onthou, toe God Moses gestuur het daar na die kinders van Israel toe, het God Moses 'n god gemaak, dis reg; en het, ook, Aäron, sy broer, 'n profeet gemaak. Dis reg. 'Al die profete,' het Jesus gesê, 'was gode.' Hulle was gode, manne." Dis reg. God bedoel dit so.

73 Luister, die Woord wat ons verkondig en die woord wat ek vanoggend gesê het: "God skuil agter velle, ratelvelle, God skuil agter die vel van 'n mens." Sien? Dis wat Hy gedoen het. Toe God in die wêreld gemanifesteer is, het Hy geskuil agter 'n sluier, agter 'n vel van 'n Mens genaamd Jesus. Hy was versluier en verskuil agter die vel van 'n man genaamd Moses, en hulle was gode, nie Gode nie; maar hulle was God, die een God, wat net Sy masker verander, dieselfde ding doen elke keer, hierdie Woord bring. Sien, God het dit so gemaak. Hy weet dat die mens iets moet sien; daar is in elkeen van ons gebore in die wêreld in.

74 Soos ek julle vanoggend gesê het, niemand het gewaag om Moses daarin te volg nie. God het nooit met twee gedeel nie. Hy deel met een, altyd. Niemand het gewaag om Moses na te aap nie. Dit was dood, natuurlike dood, om hom te probeer nadoen, om in daardie Vuurkolom in te gaan saam met hom. So mense word nie almal gemaak. . . Jy word nie so gebore, om uit te breek in daardie bonatuurlike nie.

Maar God plaas sommige op aarde om Hom te verteenwoordig, as 'n ambassadeur van Hom af. En daardie ambassadeur word bestem, deur God, om te gaan in die groot onbekende bonatuurlike in, en te onderskei, en dinge uit te bring waar die natuurlike gemoed dit nie kan waarneem nie. Dit bring die verborgenheid van God na vore, voorspel dinge wat is, en dinge wat was, en dinge wat sal wees. Wat is dit? God, God agter velle, mensevelle. Dis presies reg.

75 Sam Connelly woon in Tucson. Hy het eenkeer hiernatoe gekom, baie jare gelede, saam met Mnr. Kidd, en is genees; met 'n bestaande maagseer vir baie jare. Toe ek uitgegaan het verlede herfs, het Sam 'n—'n steen gehad wat die spesialis daar, in—in Tucson, dit ondersoek het. Dit was so groot soos 'n albaster. Broer Sam Connelly. . . Baie van julle hier ken

hom; hy's van Ohio. En hy het na die dokter gegaan, en hy het gesê: "Sam, maak jou reg volgende week; ek sal daardie steen uithaal," paar dae van toe af.

Hy het gesê: "Kan ek die steen uitskei, dokter?"

Hy het gesê: "Dis onmoontlik. Die steen is te groot."

76 Toe kry hy hom in 'n kar en vat hom huis toe. En hy het gebel; hy het gesê: "Ek wil hê jy moet oorkom en vir my bid, Broer Branham." Waarom het hy my daarvoor geroep? En ek het vir hom begin bid.

77 Ek het gesê: "Sam, dis SO SPREEK DIE HERE, die steen sal self uitskei."

78 En die volgende oggend het hy die steen na die dokter geneem. En hy het gesê, die dokter het gesê: "Mnr. Connelly, ek verstaan nie hoe dit gebeur het nie."

79 En hy het gesê: "Ek is 'n gelowige in God, en God het die steen vir my uitgeskei, dit van my af weggeneem." Die man kon dit skaars glo, die dokter. Net so min as wat hy kon glo dat daardie groot gewas my vrou se sy verlaat het. Julle weet daarvan, sien. Toe het hy gesê . . .

80 Omtrent ses maande later, wat omtrent drie . . . omtrent twee weke gelede was, of drie weke gelede, is Sam Connelly neergefel deur 'n ernstige harttoestand. En ek ken die naam nie, die koronêre, of 'n soort hartblokkasie, of wat dit ook al was. Dis 'n baie gevaarlike . . . Dit sal nie . . . Jy kan nie daaroor kom nie, beweer hulle. 'n Hartaanval, en sy hart geblokkeer. En sy ledemate het opgeswel totdat sy enkels groter was as sy been, hierbo hoog by sy heup rond. Toe vat hulle hom daar na die dokter toe. Die dokter het gesê: "Neem hom huis toe, vreedsaam, of na die hospitaal."

Sam het gesê: "Ek wil nie hospitaal toe gaan nie!"

Het gesê: "Neem hom huis toe, en sit hom in die bed, en jy beweeg nie hoof, hand, of voet, vir ses maande nie." Gesê: "Jy kan op enige oomblik sterf."

81 En broer Norman het gebel. En ons het daarnatoe gegaan daardie aand, om Broer Sam te sien. En toe ons vir hom gebid het, en die Here het gespreek.

En die volgende oggend, het Sam daar na die dokter se kantoor gegaan, met sy broekspype opgetrek, gestaan voor die dokter, en gesê: "Kyk na my, dokter!"

En die dokter het hom onder 'n elektrokardiogram gesit, en hy het gesê: "Ek verstaan dit nie." Gesê: "Gaan terug werk toe." Hy het gesê: "Aan watter kerk behoort jy?"

Hy het gesê: "Ek behoort nie aan enige van hulle nie."

82 Hy het gesê: "Jy kan nie 'n Christen wees sonder om aan daardie denominasies te behoort nie. Jy moet wees." Sien dis al wat die dokter geweet het. Sam was 'n malle, vir hom. En hy was 'n malle, vir Sam, om so 'n vraag te vra.

Wat gebeur toe? Sam kom oor, en hy het gesê: "Wat kan ek sê vir enigiemand wat sulke dinge vir my sê, Broer Branham?"

83 "Sê vir hulle dat jy 'behoort aan die een en enigste Kerk.' Jy sluit nie Daarby aan nie. Dit is nie 'n denominasie nie. Jy word Daarin gebore."

84 'n Dametjie, omtrent ses maande gelede, geleun op die boesem van Suster Norman. Ek vergeet haar naam, baie mooi vroutjie omtrent dertig jaar oud. Sy en haar man was geskei, en sy het leukemie opgedoen. En sy was in so 'n toestand dat sy skaars kon rondbeweeg. En eindelik het dit erger geraak totdat die dokters haar in 'n bed gesit het. En die dokters besoek haar tot die tyd kom. Hulle gee haar tot die volgende Woensdag. Sy sou dood wees teen Woensdag. En Mev. Norman het haar op 'n manier uit die bed gekry, en haar hiernatoe gebring, en moes haar regop hou in 'n stoel. En soos die dingetjie daar gesit het, kantel terug en vooroor, en so grys soos sy kon wees; geel oor die vel, van die kanker, leukemie.

Ek het gesê: "Wel, ek kan vir jou bid, suster."

En sy wat probeer praat, en die trane in haar oë, sy het gesê . . .

Ek—ek het gesê: "Is jy 'n Christen?"

Sy het gesê: "Ek's 'n Metodis."

Ek het gesê: "Ek—ek het jou gevra of jy 'n Christen is."

En sy het gesê: "Jy bedoel behoort aan die Christelike kerk?"

85 Ek het gesê: "Nee, dame. Ek bedoel is jy gebore uit die Gees van God, en het die Here Jesus lief?"

Sy het gesê: "Wel, ek het altyd aan die kerk behoort."

86 Ek het gesê: "As God jou sal laat lewe, sal jy my belowe dat jy na my sal terugkom en my jou die weg van die Here duideliker laat wys?"

Sy het gesê: "Ek belowe God enigiets, as Hy my lewe sal spaar. Ek sal Hom dien."

87 Net toe kom 'n visioen, het gesê: "SO SPREEK DIE HERE. Moenie gereed maak nie; skeur op jou dinge vir jou dood, oormôre." Dit was op Maandag, en sy sou Woensdag sterf. "Jy gaan nie sterf nie."

Verlede Sondag, 'n week van hierdie Sondag af, het ek by haar gesit in die kamer. Het dertig plus pond opgetel; die dokter het gesê daar's nie een spoor van die leukemie kon êrens gevind word nie. En sy wou weet; en ek het haar daarheen gestuur om gedoop te word in die Naam van Jesus Christus,

in 'n besproeïngsloot, die weg van die Here. Mag 'n "nut" ["malle"] wees, maar: "As Ek verhoog word, sal Ek alle mense na My toe trek."

88 Ek besoek, daar by die seun wat altyd die bande hier opgeneem het, Leo Mercier. Hy het 'n sleepwapark. En ek het vir 'n paar mense gebid. En ek het gebid vir 'n dametjie genaamd Lokar, dink ek was dit. En sy het al veertien operasies vir kanker gehad, en die dokters het haar opgegee om te sterf. En is voor gebid, en het haar gesê sy sou nie sterf nie, maar sy sou leef. En daar's nie 'n spoor daarvan êrens nie. En as gevolg daarvan, het agt-en-twintig van haar familie daar gestaan, gered en vervul met die Heilige Gees. Mag 'n malle wees, maar dit trek alle mense na Hom toe, wat sal kom. Dis gedraad met die Woord. Sien julle wat ek bedoel?

89 Ek het brief gekry wat ingekom het, eergister, lê reg agter daar in die lêer. Laat herfs, terwyl op 'n jagtog. . . of, verlede lente, was dit 'n jaar gelede. 'n Indiaanse seun by name Oscar, met wie ons daar op die hoofweg saam jag; dis waar die Engel van die Here, ek het julle vertel, hierrond, daardie karibo en—en daardie silwertip grysbeer sou bring. Julle almal onthou dit. Dan daardie seun, toe ek ingestap het in. . . Hy het in die tent ingestap, verlede lente. En toe Bud my gevra het om die seën te vra, (hy het sy handskoene uitgetrek; hy het gery), het hy daardie handskoene aangetrek en was gereed om uit te gaan. Hy was 'n Katoliek. Hy wou niks Daarmee te doen hê nie.

90 Verlede herfs, toe hy kon, langs my gestaan. . . Toe sy moeder daaragter was, sterwende aan 'n hartaanval, het hy gesê: "Sal jy nie terugkom en vir haar bid nie?" Ek het teruggegaan in hierdie hutjie van die Indiane daar. En daar, hulle almal vergader om hierdie moeder, en sy sterwende, kon nie 'n woord Engels praat nie. En die Heilige Gees het neergedaal en vir die moeder gesê, deur 'n vertaler, haar dogter, wat gebeur het, wat was. Het haar selfs haar naam gesê, en het haar gesê wat sy was, en van watter stam sy was, en hoedat dit sou gebeur. En die moeder is oombliklik genees.

91 En die volgende oggend, toe ek teruggegaan het om hulle te sien, soos ek uitgery het, het veertig myl teruggegaan vir 'n skaap, daar het hulle almal daar gesit, sy was heel. . . op die perd aan die klim om terug te gaan na droë elandvleis. En ek het gesê: "Gisteraand toe ek gebid het, het ek gesê: 'Onse Vader Wat in die Hemel is.'" Ek het gesê: "Louise, ek—ek. . . Was 'n Katolieke gebed. Julle het almal begin, en toe, natuurlik, het ek julle gelos." En ek het gesê: "Nou gaan ek God net dank. Ons sê nie gebede op nie; ons bid."

92 Sy het gesê: "Ons is nie meer Katoliek nie." Sy het gesê: "Ons glo soos jy glo. Ons wil hê jy moet ons almal neem en ons doop soos julle doop. Ons wil die Heilige Gees hê."

93 Op die terugtog. . .Die seun het sy perde verloor gehad, maande tevore, kon hulle nie kry nie. En die gids het hom uitgelag, gesê: "Oscar, jy't van beter geweet as om daardie perde so te los. Die bere, klomp grysbere, sal daardie perde opgevreet het teen hierdie tyd."

En hy bly naby my staan. En hy het gesê, een aand, het hy gesê: "Ek vra jou iets?"

Ek het gesê: "Ja."

Gesê: "Broer Branham, bid God. God gee vir my my ponies terug."

Ek het gesê: "Bud het gesê die beer het hulle opgevreet."

Gesê: "Broer Branham, vra God. God gee Oscar sy ponies terug."

Ek het gesê: "Glo jy dit, Oscar?"

Hy het gesê: "Ek glo. God maak my moeder gesond. God sê jou waar beer was, waar die wild was. Daardie God, weet waar wild was, weet waar my perde is." Sien?

94 'n Jaar gelede, terwyl gestaan het daar saam met Fred Sothmann, wat vanaand hier is, Billy Paul, my seun. Die Heilige Gees het neergedaal. Ek het gesê: "Oscar, jy sal jou ponies kry. Hulle sal in sneeu staan."

Daar lê die brief, verlede week vir my geskryf, en ek het dit Vrydag gekry, kom hierbinne. Dit lê net daar in die lêer nou. "Broer Branham, Oscar kry ponies in sneeu staan."

95 Hoe hulle geleef het, weet niemand nie. Daar, die seun. . . Teen hierdie tyd van die jaar, Junie, is daar soveel sneeu, daar is steeds twintig of dertig voet sneeu rondom hulle. Hoe het hulle daar gebly deur die winter, in hierdie canyon? Oscar kon inkom na hulle toe, op sneeuskoene, maar, natuurlik, hy kan nie sneeuskoene aan sy ponie sit nie. Maar hy het hulle gekry, volgens die Woord van God. Dit mag na 'n malle klink; glo dit maar eenkeer! Hang af hoe jou draad is.

96 Nou, dit sal nie draad vat met 'n denominasie nie. Dit sal net met die Woord draad vat. Maar daar is sommige mense in die wêreld wat daardie Woord glo! Dit sal 'n malle vereis om daardie Bruid hieruit toe te draai, is gedraad, want die Bruid en die Bruidegom is een. En die God is een, en die Woord is God! Dit sal vir die Woord gedraad moet wees, en Dit sal die Bruid uit hierdie denominasies uittrek.

97 Ja, hy wou my kritiseer. Weet julle, dit laat my onthou van te praat oor, vanoggend, God wat skuil agter velle, vel van 'n mens.

98 'n Storietjie, en dan sluit ek af; jammer dat ek julle nou omtrent vyf-en-veertig minute hier gehou het. Daar's 'n huis, Christen-huis, en daar was 'n. . .ek het dit vir hierdie kritikus

vertel. En in hierdie huis was daar. . . Hulle het in God geglo. Hulle het ’n seuntjie gehad daar, maar hy was doodbang in ’n storm. Weerlig, o, hy was sommer doodbang. Hy sou onder tafels inhardloop, enige plek, wanneer dit sou blits.

Toe een aand het ’n groot storm daar op die plaas gekom, en waar hulle gewoon het, en die bome het gewaai, en weerlig het geblits, raak laat in die aand. Die moeder het vir Junior gesê, het gesê: “Nou, Junior, gaan jy boontoe en gaan slaap.” Het gesê: “Nou, moenie bang wees nie. Gaan boontoe.”

99 Toe het klein Junior met sy nagklere aan, die trappe opgegaan, omgekyk, omtrenf half aan die huil. Hy het gaan lê, het probeer aan die slaap raak, het sy kop toegemaak. Hy kon nie aan die slaap raak nie; daardie weerlig flits by die venster rond. Toe het hy gesê: “O, mamma,” gesê: “kom hiernatoe en slaap by my.”

Wel, sy het gesê: “Junior, niks gaan jou pla nie. Daardie weerlig kan jou nie seermaak nie.”

Hy het gesê: “Maar, mamma, kom hiernatoe en slaap by my.”

100 Toe het die moeder trappe-op gegaan en dwarsoor die bed gaan lê, saam met haar junior. En sy het gesê: “Junior, my seuntjie, moeder wil jou iets vertel.” Sy het gesê: “Junior, ons is ’n Christen-familie. Ons glo in God, en ons glo dat God ons in storms beskerm. Ons glo dit. En ons glo dat God vir Sy eie sorg.” En het gesê: “Ek wil hê jy moet dit glo, Junior. Dat, moenie bang wees nie. God is met ons, en Hy sal ons beskerm.”

101 Junior het ’n paar keer teengestribbel. Hy het gesê: “Mamma, ek glo dit ook.” Hy het gesê: “Maar wanneer daardie weerlig so na aan die venster is, wil ek graag die God voel wat vel Daaraan het.”

So ek dink dat ’n hele klomp van ons volwassenes dieselfde ding dink. God, met vel Daaraan! [Leë kol op band—Red.] God, met vel Daaraan! Dit mag na ’n malle klink, vir die wêreld, maar dit trek alle mense na Hom toe.

Laat ons bid.

102 Hemelse Vader, soos die storietjies van—van ervarings, en somtyds gebeur hulle vir ’n rede. En dis, so kru as wat dit ook al is, tog verstaan ons dit in die taal waarin dit gebeur het. So ons dank U, vanaand, Here, dat—dat God Homself kan huisves in ons. Ons is dankbaar dat daar ’n versoening gemaak is, die Bloed van die Regverdige, Jesus; Wat die volheid van God was, die volheid van die Godheid liggaamlik, dat Hy Sy kosbare lewe afgelê het; nie van Hom geneem nie, maar dit gewilliglik neergelê het, dat ons Hom kan geniet in die volheid van Sy Teenwoordigheid, in die Shekinah heerlikheid waarin Hy geleef het; dat ons siele geheilig kan word met daardie Bloed, dat die groot Heilige Gees Self in ons kon woon. En ons word leraars, profete, ensovoorts,

vir die mense, vir hulle, Here, wat behoeftig is; gawes van God; God Self wat manifesteer, die groot gawes van God uitstraal, in die teenwoordigheid van hierdie moderne eeu.

103 En die kru uitdrukking, Here, van 'n malle te wees. En ons weet, dat in hierdie dag, dat dit somtyds vereis wanneer die wêreld in 'n groef raak soos die kerk vandag is; sluit net nuwe kerke en nuwe denominasies saam. 'n Man wat met die Woord na vore kom, word 'n malle geag, 'n kranksinnige persoon. Soos die groot apostel Paulus, wat opgelei was om 'n teoloog, 'n priester te wees, en tog het hy gesê hy het 'n dwaas geword, vir die heerlikheid van God. Hy het sy geleerdheid versaak, dat die mense sou kon. . .luister na sy hooggepoleerde woorde. En hy het gesê hy kom nie met betowerende woorde en wysheid van die mens, dat hulle geloof in sulke goed sou wees nie. Hoe het die kerk nie vandag daarnatoe gekeer nie, soos hy geprofeteer het: "Na my vertrek sal wolwe inkom, nie die trop spaar nie." Maar hy het gesê hy het na hulle toe gekom "In krag en manifestasies van die Heilige Gees," dat hulle geloof in God sou wees. Vader, hy het 'n dwaas geword, vir die wêreld, om Jesus te ken.

104 En so maak ons vandag, Here. Daar sit mense hier wat gek geag word, omdat hulle bereid is om God te vertrou vir hulle genesing, vir hulle Ewige bestemming. Plaas hulle reputasies op die spel, in aanbidding van Hom. Dank Hom, loof Hom, gee vryheid aan hulle gees, om God te aanbid; hulle word gek geag. Maar U het gesê, dat: "Die—die dwaasheid van God," as ons dwase is: "is sterker en wyser as die wysheid van die mens; want die mens, deur wysheid, het God nie geken nie. Maar deur die dwaasheid van prediking, het dit God behaag om hulle te red wat redbaar was." Ons bid, God, dat die groot Outeur van hierdie Woord vanaand sal kom en die siekes genees, die verlorenes red. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

105 Ek vergelyk God, sodat julle nie verward sou wees oor wat ek vandag gesê het nie; God is 'n groot Diamant, die Ewige.

En wanneer 'n diamant uit die blou klippe van Afrika uitgebring word, ek was in die myne en het hulle dopgehou in die groot. . .hoe hulle dit prosesseer en die diamante uithaal, hoe hulle deur die vergruiser gaan, en die groot blou vuur diamante, swart diamante uitkom. Hulle het nie veel vorm, sekere vorm nie. Hulle is net 'n groot steen. En regtig, hulle het nie veel vuur in hulle op daardie tydstip nie. Hulle is net 'n diamant, 'n steen; rond, glad gemaak, klomp van hulle. Maar hierdie diamant moet geslyp word. Nou, dis teen die wet om een te hê wat ongeslyp is. Moet geslyp wees, en dan moet jy 'n bewys hê waar jy dit gekoop het, want daar is miljoene dollar in hulle.

En ek vergelyk God met daardie diamant.

106 Nou, 'n diamant word geslyp sodat dit sal reflekteer wat aan sy binnekant is, die vuur wat in die diamant is. En dit

moet geslyp word op elke klein manier, elke klein vorm, drie punte. Maar die drie punte aan 'n diamant, en 'n lig teenoor 'n driepunt-voorwerp sal sewe kleure gee, sien, sewe kleure maak.

107 En nou let op: "Ter wille van ons oortredinge is God deurboor, ter wille van ons ongeregtigheid verbrysel." Sien, Hy is geslyp, verbrysel, daardie groot Diamant, dat die gawes aan die Kerk, van Hom af, kan reflekteer.

En dit is nie die lig nie; want, die lig moet terugkeer, wanneer die son af is daarvan af, na waar dit van afgeslyp is.

Maar elke stukkie wat afkom van daardie slyping, word nie vernietig nie; dit word aangewend. Baie van hulle word. Victrola-naalde van gemaak. En daardie naalde bring na vore, wat afgeslyp is van die diamant, bring musiek na vore wat op 'n plaat vasgelê is.

108 En ek hoop julle sien wat ek bedoel. Die brokkie van Christus, die gawe van Christus, geplaas op die Bybel, spreek die verborge geheimenisse van God uit vir die gelowige. Hy ken die geheim van die hart. Hy ken elke persoon. Glo julle dit?

Dit sou nie die diamant wees wat sê: "Sien julle wat ek is?", nie. Dis waarvan hy afgekom het. Die diamant is 'n diamant omdat hy van 'n diamant af is.

109 En dis hoe die gawes van die Gees is, 'n...vir die persoon, dis 'n deel van daardie Diamant. Dis gestuur, en is neergebring, en ingebring tot 'n gawe, om te interpreteer, te preek, te onderrig. Daar is vyf geestelike gawes; apostels, profete, leraars, pastore, evangeliste, en hulle is almal ter opbouïng van die Liggaam van Christus. En net so seker as wat daar leraars, pastore is, moet daar profete wees. Ons weet dit.

110 En ons glo dat God gemanifesteer gaan word in die laaste dae, onder Sy mense, aan die uitverkore Saad, volgens die Bybel, in die vorm van profeet. Dis presies volgens die Woord. Nie dat die man God is nie, maar dat die gawe God is. Sien? En dis die naald.

Nou, 'n speld sal nie daardie plaat reg speel nie. 'n Gewone naaldwerk naald sal dit nie reg speel nie. Maar 'n diamant, is die beste. Dit bring dit helder uit, 'n diamantpunt-naald.

111 Mag God, vanaand...Jou lewensplaat, wat ook al wat met jou verkeerd is, wat ook al wat jy van God begeer, mag die groot Meester Wat die naald in Sy hand hou, mag Hy dit op jou lewe plaas en vir ons openbaar waarvoor jy hier is, wat jy wil hê; dan sal ons weet dat Hy hier is.

112 Hemelse Vader, sal U dit skenk voor ek hierdie gebedsry begin, het nie bedoel om dit te doen nie, maar sal U dit skenk, dat die mense kan weet. Mag vreemdelinge hier wees om voor gebid te word. Ek ken hulle nie, maar U wel. En Paulus het gesê: "As julle in tale spreek, en daar is geen uitleg nie, en gee nie

stigting nie, sal die mense sê julle is mal. Maar as een profeteer en openbaar wat op die hart is, dan sal hulle sê: 'God is waarlik met julle.'" Laat dit weer wees, God, in hierdie laat uur. U het dit belowe, en so sal dit wees. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

113 Nou wonder ek hoeveel siek mense hierbinne vanaand, wat hier is? Of het Billy gebed . . . uitgegee? Is enige gebedskaarte uitgegee? [Die broers sê: "Ja."—Red.] Daar is. Wel, ek skat elke siek persoon het 'n gebedskaart, maar ek weet nie wat jy daarop geskryf het nie. Ek dink hy gee jou net 'n kaart; jy skryf wat jy wil daarop. Is dit so? Het net die kaart gekry; jy skryf daarop wat jy ook al wil.

114 Ek ken julle nie. Hoeveel hier weet dat ek julle nie ken nie, en julle is tog siek, en julle sou dit sê: "Wat ek jou vandag hoor sê, het: 'God agter velle. God agter mensevelle, versluier Homself'"? Maar as jy geestelike oë het, sou jy kon oopmaak en Hom sien, sien Wie Hy is. En glo jy dit. Jesus het gesê: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook; meer as dit sal hy doen, want Ek gaan na die Vader." Nou, as julle met julle hele hart glo!

115 Hoeveel hierbinne wat siek is, en weet dat ek julle nie ken, weet wat met julle verkeerd is nie? Steek net jou hand op, sê: "Ek is siek. Ek het behoefte." Hoeveel het begeertes in hulle hart, nie siek nie, maar het begeertes? Julle weet wat ek's . . . Goed. Daar is nie daar enigeen, wat ek gesien het, wat nie hulle hand opgehad het nie. Nou, ek weet nie . . .

116 Ek ken die man wat hier sit. Ek's seker dis Broer James, en ek dink dis Suster James. Broer Ben, ken ek. Net julle gesigte, somtyds; die broer wat die foto's neem. Maar die . . .

Laat iemand agter hierbinne, enige plek, net . . . Ek—ek—ek daag dit uit, op die basis, en die afsluiting van hierdie Boodskap.

117 Het julle geweet God het belowe dit sal gebeur in die laaste dae? Hy het die belofte gemaak. Sien? Nou ek kan dit nie laat gebeur nie. Sien, ek—ek kan dit nie doen nie. Hy moet dit doen. Hy is die Een Wat dit doen; nie ek nie. Maar ek glo in Hom, of ek sou nie hier gestaan het en julle iets vertel het waarin ek nie glo nie. Nou, bid julle, en sê julle: "Here Jesus, ek word in die Bybel geleer dat U 'n Hoëpriester is juis nou, wat geraak kan word deur die meegevoel met ons swakhede." Ek gee nie om waar jy is nie. En sê net: "Ek glo U. En, deur geloof, glo ek wat daardie man vandag gesê het."

118 Dis wat die Engel vir my gesê het: "Kry die mense om jou te glo." En as ek die Woord van God oordra, is dit nie "glo my" nie, dis "glo die Woord."

As dit nie volgens die Woord is nie, moet dit dan nie glo nie. Maar as jy glo dit is die Woord, dan, wat dit ook al is, moet jy bid en moet jy glo, en kyk of Hy steeds kan openbaar wat in jou hart is.

119 En enigeen weet dat die Bybel gesê het, dat: "Die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard, en onderskei die gedagtes en oorlegginge van die hart."

Dis hoe Abraham geweet het dat dit God was, toe Hy kon sê wat Sara gesê het agter in die tent, waaraan sy gedink het; toe Hy gesê het; "Ek sal jou besoek," en Sara in haar hart gedink het: "Dit kan nie so wees nie."

120 Nou, ek het gesê Hy is hier om julle te genees. Wat dink julle daarvan? As julle maar net sal glo! Nou, ek kan nie, ek het nie 'n spesifieke manier nie; Hemelse Vader weet dit. Sien? Ek moet dit net sien. En wat ek sien, sê ek; en wat ek—ek nie sien nie, natuurlik, kan ek nie sê nie. Maar, Hy is net soveel God! Sou dit julle geloof laat toeneem, as Hy dit sou doen?

Te preek soos dit, dit gooi my soort van 'n bietjie uit. Maar Hy is hier. Ek's bewus daarvan.

121 Kyk na 'n man soos hy sy hoof gebuig het, reg agter *hier*. Sy vrou sit by hom, bid, ook. Net *hier*. Het iets op jou hart. Jou vrou, bid. Het 'n las op jou hart. Dis jou skoonma. Dis reg. Glo jy God kan my sê wat verkeerd is met jou skoonma? Ek ken jou nie. Ons is vreemdelinge vir mekaar. So dis reg? Glo jy God kan my sê wat met haar verkeerd is? Sy is nie hier nie. Ek sien 'n groot afstand; sy is oos hiervandaan. Sy's in Ohio. Dis reg. Sy ly aan 'n bloedtoestand. Laat jou vrou daardie sakdoek daar neem, waarop sy huil, dit op haar plaas. Moenie twyfel nie, sy sal gesond word. Glo julle dit?

122 Hier sit 'n dametjie hier reg voor my. Sy huil. Daar is iets verkeerd met die kind, ek weet nie. . . Nee, dis niks verkeerds nie. Sy het 'n begeerte. Sy begeer om die doop van die Heilige Gees te ontvang. Dis SO SPREEK DIE HERE. Glo, kind, jy gaan Dit ontvang. Dis reg. Jy moenie twyfel nie.

123 Hier sit 'n dame hier op die punt van die ry. Sy bid. Ek's 'n vreemdeling vir haar, maar sy's in skaduwee. Jy het operasies gehad. As ons 'n vreemdeling vir mekaar is, veronderstel ek. Ek ken jou nie. Jy ken my nie, net miskien deur van my te hoor. Jy's nie van hier af nie. Jy's 'n vreemdeling tussen ons. Jy's van Wisconsin. Die stad is Milwaukee. En jou probleem is kanker; dis aan die bors. Operasie na operasie, tog sonder sukses. Laat die geloof, wat die soom van Sy kleed aangeraak het, glo dit net nou. Sink dit in jou hart; dit sal vervul word. Wees gelowig!

124 'n Man sit oorkant in die hoek hier. Hy bid vir sy moeder. Hy's 'n vreemdeling vir my. Ek ken hom nie. Maar hy bid vir sy moeder. En sy moeder het dieselfde ding wat hierdie vrou het, kanker. Of, sy's bang daarvoor, wat dit is. Daar is 'n man vir wie jy bid, en daardie man het probleme met sy rug. Hy is, ook, ek sien hom onder die invloed. Hy's 'n alkoholis. Jou broer. Jy's nie van hier nie. Jy's van Illinois. Glo jy God kan sê wat jou naam is? Farmer. Is dit reg? Steek op jou hand. Glo!

125 Daar kniel iemand oor iemand, bid, iemand lê op 'n bed. Goed. Glo jy wat jy gehoor het, is die Waarheid, dame? Jy glo wel. As ek jou kon genees, sou ek dit kom doen het. Maar jy's alreeds deur Christus genees, jy sien. Jy moet dit net glo. Daardie dame wat daar gestaan en bid het, het gebid vir jou om aangeraak te word. Ek ken jou nie, maar God ken jou. Jy's, ook, van buite die stad. Dis reg. Jy's van Illinois. Dis presies. Die stad word genoem East Moline, Illinois. [Die suster sê: "Dis die stad waar ek gebore is."—Red.] Jy ly aan kanker. Jy's 'n prediker se vrou. Glo jy? ["Ja."] Jy sal sterf, aan die lê daar. Waarom aanvaar jy Hom nie vanaand nie, en sê: "Ek kan in my hart, met my geloof bo alles wat hier is, glo ek dat ek genees is. Ek's in die Teenwoordigheid van God." Staan op, glo, en gaan huis toe en word genees. Daar is sy.

Glo julle met julle hele harte? [Gemeente juig—Red.] Laat ons God prys.

126 Hemelse Vader, ons dank U vir al U goedheid en genade. Ons dank U, want, U is steeds hier, reg te midde van al hierdie probleme. In hierdie wêreld wat pervers is, tog is U hier. Laat U Gees, Here, ewig by ons bly. Ons sien dat U hier is, God met vel daaraan, in die menseharte; skenk geloof, en openbaring en visie. U is God in U Kerk, God in U mense. Ons dank U hiervoor, Here. En mag elkeen glo, vanaand, eendragtig; en mag hulle genees word. Deur Jesus Christus se Naam, bid ek. Amen.

127 Hoeveel daar het gebedskaarte, aan *daardie* kant? Laat hulle wat aan *daardie* kant is, agtertoe skuif, reg in die middel van *hierdie* paadjie kom. Hulle op *daardie* paadjie, kom reguit *hierlangs*; neem net jou plek in, kom reguit *hierlangs*. Laat hulle, sodra hulle klaar is, vang *hierdie* ry die volgende kant.

128 Ouderlinge kom hierheen. Broer Roy, die Here seën jou; het nie geweet jy het hier gesit nie. Ek wil die diakens van die kerk onmiddellik hier hê, as hulle kan inkom van waar hulle ook al by is. Kom hierheen vir 'n bietjie hulp.

Ek wil hê elkeen vir wie gebid gaan word, steek jou hand op, sê hierdie agter my aan.

Here, [Gemeente sê: "Here."—Red.] ek glo. ["ek glo."] Help U my ongeloof. ["Help U my ongeloof."] Ek glo ["Ek glo"] dat in U Teenwoordigheid, ["dat in U Teenwoordigheid"] soos ek U Woord volg, ["soos ek U Woord volg,"] en my . . . die hande op my gelê word vanaand, ["en die hande op my gelê word vanaand,"] gaan ek my genesing aanvaar, ["gaan ek my genesing aanvaar,"] in Jesus se Naam. ["in Jesus se Naam."] Amen. ["Amen."] God seën julle.

129 Nou let op. "Die gebed van geloof sal die siekes red. As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word."

Hy het vir Noag gesê dit gaan reën. Dit nooit—Hy nooit. . . Ek het nooit gesê: "Sodra as—as vir julle gebid word, gaan julle gesond wees" nie. Hy het gesê: "Hulle sal gesond word."

130 Hy het Noag gesê dit gaan reën. Dit het nooit gereën vir 'n honderd-en-twintig jaar nie, maar dit het gereën.

Het vir Abraham gesê hy gaan 'n baba by Sara hê. Dit het vir vyf-en-twintig jaar nooit gebeur nie, maar dit het.

Het vir Jesaja gesê 'n maagd sal swanger word. Dit het vir agthonderd jaar nooit gebeur nie, maar sy het swanger geword.

Is dit reg? Hy het dit belowe! Maak nie saak hoe lank dit neem nie, Hy doen dit, nogtans. Glo julle dit.

131 Kom nou vorentoe. Laat Broer Capps die sang lei. Sal julle die kaarte skuif? Laat almal nou in gebed verkeer.

132 Ons Hemelse Vader, ons gaan U opdragte gehoorsaam deur hande te lê op hierdie siek mense. Ek weet nie van een ding anders wat U sou kon doen nie, Here, want U het gesê, in U Woord, U het ons genesing gekoop. U het bewys dat U hier by ons is vanaand, die Woord wat die gedagtes van die hart kan onderskei. U het dit bewys, dat U tussen ons is. En ek bid, U, Vader, dat U Woord, wat nie kan faal nie, so werklik gemaak sal word vir elke hart! Dat U gesê het: "As julle dit kan glo; moenie twyfel nie, maar glo dit; sê vir hierdie berg: 'Word geskuif,' en moenie twyfel nie, maar glo dat dit vervul sal word!" Hy het nie gesê wanneer nie.

133 U het vir die mense gesê, met Pinkster, om daarheen te gaan en te wag. U het nooit gesê ure, dae nie; U het gesê "totdat." Nou gaan hulle hulle genesing aanvaar. Mag hulle nooit aan iets anders dink as dat hulle genees is nie, totdat die verlossing kom. Ons gehoorsaam U deur hande te lê, op hulle, as gelowiges. In Jesus Christus se Naam. Amen.

134 Goed, kom nou reguit nader. [Broer Branham en die broers lê hande op die mense, en bid vir elkeen in die gebedsry. Leë kol op band—Red.]. Julle is genees. God seën julle. Gaan net voort. Dis goed! . . . ? . . . [Leë kol op band.]

Alle dinge is moontlik, glo net;
Glo net, glo net,
Alle . . .

Here Jesus, ek bid nou vir hierdie sakdoeke, in Jesus Christus se Naam. Amen.

Wonder of ons daardie woorde kon verander:

Nou glo ek, dis nou glo ek,
Alle dinge is moontlik, dis nou glo ek;
Nou glo ek, nou glo ek,
Alle dinge is moontlik, nou glo ek.

135 Glo julle dat wat gevra is en verlang is, sal toegestaan word? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dit sal gebeur.

136 Ek het gesien deurgaan deur die ry 'n paar oomblikke gelede, 'n paar van my Italiaanse vriende van Chicago. Hoeveel ken Suster Bottazzi van Chicago? Wel, julle weet, sy het 'n—'n verstandelike, senuwee-ineenstorting gehad net onlangs, baie, baie erg. Maar die oggend in Chicago by die Christen Sakemanne se ontbyt, het ek vir die suster gesê, onder die inspirasie van die Heilige Gees. Sy het agter eenkant toe gekom, en sy kon haar net nie bedwing nie. En ek het gesê: "Suster, jy sal nie dadelik daaroor kom nie, maar jy gaan gesond word." Ek het gesê: "Dit sal óf agtien maande wees, óf twee jaar, reg in daardie bestek sal jy gesond gemaak word."

137 Nou die dag terwyl met haar gepraat is. . . Ek het haar hoor getuig, so gelukkig, die gelukkigste wat sy ooit in haar hele lewe was. Sy het in 'n kar gery. Sy het geen vrede gehad nie, die Teenwoordigheid van God het skynbaar weggegaan van haar af; natuurlik, dit was gemoedstoestand, julle weet; en ewe skielik het dit teruggekeer met 'n groot vloed van vreugde, en die krag van die Heilige Gees was op haar. Sy het gehuil, sy het uitgeroep, sy—sy het. . . Hulle het net 'n wonderlike tyd beleef, omtrent drie of vier weke gelede, of 'n maand. En ek het haar hoor getuig voorlaas Sondag, en sy het gesê: "Broer Branham, toe ek terugkom, het ek afgemerk en daardie band gevat. En dit was presies agtien maande, op die dag." Amen.

Het julle Hom lief? [[Gemeente sê: "Amen."—Red.] Is Hy nie wonderlik nie? ["Amen."]

138 Nou, dieselfde Heilige Gees wat presies kan voorspel, sonder een keer te mis, al hierdie jare; en, deur Sy woord vir julle vandag probeer duidelik maak het dat God nie een of ander voorwerp ver verwyderd of een of ander historiese iets is nie. Hy's 'n lewende, teenswoordige tyd, Sy Woord wat gemanifesteer word. Het Homself verskuil in menslike sluier, in Sy Kerk, openbaar Homself deur julle geloof en my geloof, saam, wat saamkom, die eenheid van God maak. Ek kan niks sonder julle doen nie; julle kan niks doen sonder my nie; albei sou niks sonder God kon doen nie. So, tesame maak dit die eenheid, die verbinding. God het my vir die doel gestuur; julle glo dit; en daar gebeur dit. Dis net dit, sien, volmaak bevestig.

Ek gee nie om wat met jou verkeerd is, wat enigiemand gesê het nie; as, uit jou hart uit, jy glo dat jy gesond gaan wees, is daar niks wat dit ooit kan stop nie. Hy het so gesê. En Hy het gesê: "Hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nie faal nie." Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

139 Hoeveel sal vir my bid in ander dienste soos ek gaan? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ek's een wat gebed nodig het. Sien? Almal het my weggewys, sien, behalwe julle, en tog is daar Saad daarbuite.

140 Ek het 'n brief na Suid-Afrika gestuur. Hulle wou my nie laat inkom nie, tensy ek 'n papier teken dat ek "sou doop, daar aan daardie kant, almal drie maal; een keer vir die Vader, en een keer vir die Seun, en die Heilige Gees, gesig vorentoe. Aan die anderkant, sou ek agtertoe doop, een vir die Vader. . . En onderrig dit was Doktriene."

Ek het vir hulle 'n brief geskryf. Ek het gesê: "Die Heilige Gees het probeer, vir die laaste paar jaar, om my weer in Afrika in te kry. Hy wil my bediening daar gebruik waar dertigduisend Christus een middag aangeneem het." Ek het gesê: "Onthou, die bloed van daardie siele is op julle, nie op my nie. Ek het aangebied om te kom, maar julle wil dit nie doen nie."

Ek wonder wat dit sal wees in hierdie dag wanneer Jesus, die Seun van God uit die kerk uitgekeer is, die Woord verworpe? Maar in—in dit alles, maak Hy Hom steeds aan Sy mense bekend. Is julle nie dankbaar daarvoor nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

141 En ek is vanaand verby, het my hande op hulle geplaas, sommige bejaarde vroue, sommige jonk, sommige bejaard, sommige jong manne, ou manne, sommer papnat soos ek is. Ek het gedink: "Sit daar, sit daar en luister na die Woord wat die res van die wêreld dink dis gek." Sien? Hulle is—hulle is die bout. Sien, God is hier om die draad te laat vat, trek jou reg uit jou siekte uit. Dis 'n belofte van die Woord. Onthou net, dit sal begin styftrek. "Ek sal hulle trek; as Ek verhoog word, sal Ek hulle trek." Hy sal dit uit jou uittrek. Hy sal beslis. Glo jy Hom maar, jy moet geloof in Hom hê. Twyfel nie aan Hom nie. Glo Hom.

142 Bid vir my. Wanneer jy niemand anders het om voor te bid nie, onthou my net.

En dan tot ons weer ontmoet! weer ontmoet!

Weer ontmoet. . .

Dankie vir daardie lang afstande kom. God bewaar julle as julle huis toe gaan!

Weer ontmoet. . .

Groet al die Christene, salueer hulle, van hierdie groep hier. God se vrede op julle! Shalom!

God sy met jou tot ons weer ontmoet!

[Broer Branham begin neurie *God Sy Met Jou*—Red.]

. . . weer ontmoet!
Weer ontmoet aan Jesus' voet;
Weer ontmoet! weer ontmoet!
God sy met jou tot ons weer ontmoet!

143 Ek's so bly. Julle sien, daar is sommige, baie dinge wat ek nie weet nie, maar daar is sommgie dinge wat ek wel weet. Ek's so dankbaar vir julle. Ek's so bly om met julle geassosieer

te word. Ek's so bly om een van julle te wees. God sy met julle. Hy sal. Hy sal julle nooit verlaat nie. Hy sal julle nooit begewe nie. Hy sal julle nie verlaat nie. Julle het nou klaar deur die sluier gebreek. Sien?

144 So bly vanaand om Broer Palmer te sien, een van ons geassosieerde pastore hier, van Georgia. Broer Junior Jackson is in die gebou êrens, agter in die hoek, ons is bly om hom te hê. Broer Don Ruddell, wat hier sit. O, soveel! Ek weet nie, of ek iemand oorslaan nie. . . Broer Ben Bryant hier, en baie van die ander hier, goeie broer, Wilbur Collins. Ons is so bly om julle almal hier te hê.

Ek wonder of ons net op ons voete sal staan, net 'n oomblik nou. Laat ons nou ons hoofde buig.

Weer ontmoet!
Weer ontmoet aan Jesus' voet; weer ontmoet!
. . . weer ontmoet!
God sy met jou tot ons weer ontmoet.

145 Voel julle daardie nabyheid van gemeensaamheid met die Gees?

Laat ons dit neurie. [Broer Branham en gemeente begin neurie *God Sy Met Jou*—Red.]

Ek het Broer McKinney opgelet, van Ohio, by ons. Broer John Martin en sy broer. So bly om julle almal te hê. Ek kan julle dalk nie eens sien nie, broers. Hy ken julle.

Weer ontmoet! Mag my hart en julle s'n, saam met God hart, een wees tot ons weer ontmoet! [Broer Branham en gemeente gaan voort om *God Sy Met Jou* te neurie—Red.]

(Ek sou graag iemand wil vra om af te sluit. . . ?. . .)

Terwyl ons ons hoofde nou buig in gebed.

146 Probeer elke prediker te laat weet dat ons bly is dat hulle hier is, die hele lekedom, julle mense van Tennessee, Ohio, en dwarsoor die land. Sommige vroue het ek vandag daar ontmoet, al die pad van Boston af. Ons gekleurde broers was hier, vanoggend, ook daarvandaan. Soveel van verskillende dele van die land af; ek dank jou, my liewe lojale vriend. God sy met jou. Ek noem jou my vriend. Onthou wat Jesus daaroor gesê het? "Nader selfs as 'n broer," ja, 'n vriend. Terwyl ons nou ons hoofde buig. . . Totdat ons weer ontmoet binne die volgende paar dae, God sy met julle.

147 Ek gaan ons goeie, lojale broer, Broer Richard Blair, vra, of hy ons nie sal verdaag met 'n woord van gebed nie. Broer Blair.

Die Vreemde Kêrel AFR64-0614E
(The Oddball)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagaand, 14 Junie 1964, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2015 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org